# 29 Januarie 2024 - Lesing 226 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

Aan Bertha Dudde: Vervalsing van die goddelike Woord:

**NO: 8009** Slegs dit wat My Liefde, Wysheid en die Krag aantoon, kom van My af. Julle kan dit altyd gebruik as 'n maatstaf wanneer julle kyk of geestelike kennis van Goddelike oorsprong is en of mense die bron is.

As julle dus 'n gebrek aan liefde of wysheid herken, of as My krag as twyfelagtig uitgebeeld word, word julle geestelike kennis aangebied wat **nie van My af kom nie.** Maar selfs hierdie ondersoek sal moeilik wees vir julle as **My Gees** nie vir julle hulp sal aanbied nie.

En hierdie hulp moet eers deur julle versoek word, want julle verstand alleen is nie in staat om 'n korrekte oordeel te fel nie. **Maar almal wat die waarheid ernstig begeer sal dit wel van My ontvang.**

En julle kan altyd seker wees van die feit dat Ek elke gedagte van julle ken en Ek Myself aan julle openbaar in My Liefde, Wysheid en Mag. **Want julle is die houers in wie Ek My Gees kan uitstort**, sodat lig aan die mense gebring kan word wat die duisternis sal verlig.

Julle weet nie hoe die teenstander aan die einde van die tyd werk nie, julle weet nie wat hy in staat is om te doen ten einde die lig vanuit die hemel uit te doof nie, ten einde My werk ongeldig te maak, **om die suiwer waarheid wat van My ontstaan, te vervals nie**.

Ek sal egter nooit 'n mens se wil keer as hy die Woord wat Ek van bo na die aarde stuur verander nie en sodoende in diens beland van My teenstander. Julle ken nie die geslepenheid en kullery wat My teenstander gebruik wanneer dit gaan oor die ondermyning van die waarheid nie.

En selfs al beskerm Ek My houers teen sy invloed, kan en sal Ek dit nogtans nie verhoed dat as 'n persoon se vrye wil onregverdigbaar die reg aanvaar om veranderinge te implementeer nie, andersins sou die suiwer waarheid reeds oor die hele aarde versprei gewees het. **Die mens se vrye wil moet gerespekteer word**, en hierdie vrye wil verduidelik baie.

Mense is onvolmaak, en as hulle iets volmaak aangebied word, indien die suiwer waarheid van My oorgedra word aan hulle, **dan sal dit nie vir lank so suiwer bly** soos dit vanuit My ontstaan het nie, want die menslike verstand word aktief en kan nog steeds beïnvloed word deur My teenstander, **veral as 'n persoon hom beywer vir wêreldse voordele**.

Ek sal hom nie stop nie, maar Ek sal toesien dat die suiwer waarheid weer en weer oorgedra word. **Ek sal 'n nuwe lig gee aan diegene wat begeer om verlig te word.** Want hulle sal nie die slagoffers wees van 'n **verkeerdelik geneigde wil** nie, wat altyd **gedemonstreer word deur die verandering van My suiwer Woord.**

**Dieselfde Gees** was nog altyd uitgestort in My houers, en My teenstander was nie in staat om chaos te veroorsaak in hulle nie, maar keer op keer **het hy mense gevind wat aan sy wil toegee, en dan het die werk van besoedeling reeds geslaag.**

My suiwer lewende water is met menslike toevoegings vermeng en **het nie meer genesende krag nie**.

Want wat afkomstig is van die teenstander, het 'n **negatiewe effek**, dit kan nie 'n seën wees of voordelig wees vir die redding van die mens se siel nie.

En as Ek dan die suiwer waarheid weer en weer oordra na die aarde, **as Ek altyd weer 'n bron oopmaak** waaruit **suiwer lewende water** kan voortvloei, dan net omdat Ek weet dat dit nodig is om opkomende misleidende leringe reg te stel. Ek weet dat opregte waarheidsoekende mense aanstoot neem oor sulke leringe en Ek wil hulle verlig, want My lig sal nie op 'n vertroebelde wyse aangebied word nie, maar moet helder skyn in mense se harte **en hulle vertel van My Liefde, Wysheid en Mag.**

Mense sal leer om My te herken en lief te hê, en dit is **slegs moontlik deur die oordrag van die suiwer Waarheid.** Ek Self spreek tot mense en julle kan My Woorde waarlik glo. Ek gee julle My Woord, maar Ek verwag ook dat dit julle harte sal beïnvloed, **dat julle dit sal nakom** en dat julle daardeur 'n innerlike lewe sal bereik. Eers dan sal julle gees verlig word, en dan sal julle My ook vrae vra wat Ek graag sal antwoord.

Want die verwarring sal toenemend groter word, en My teenstander sal steeds meer slaag in die verswakking van My aktiwiteite. Maar die mense self is die deurslaggewende faktor daarvoor.

Enigeen wat probeer om My te vind en daarom werklik probeer om die Waarheid te vind, sal **haar vind en haar as sulks herken**. Maar sy kan slegs oorgedra word aan julle **deur die werking van My Gees,** want julle menslike verstand is nie in staat om te onderskei tussen waarheid en dwaling nie. Tog bestaan waarheid en sy kom vanuit My.

En enigiemand wat direk 'n beroep op My doen daarvoor, sal haar ook waarlik ontvang. Want Ek weet **dat slegs deur die waarheid julle mense geluksalig kan word,** en Ek weet dat elke misleide onderrig gif is vir julle siele.

En daarom sal die suiwer en onvervalste waarheid weer en weer van bo aan julle oorgedra word, want dit is My wil dat julle saligheid moet bereik. Amein.

*Henog 104 9 Moenie wetteloos wees in julle harte nie, en moenie lieg nie en **verander nie die woorde van Waarheid nie,** en moenie die woorde van die Aparte en Groot Een as leuentaal in twyfel trek nie, ....*

*10 En nou ken ek hierdie verborgenheid dat oortreders die **woorde van Waarheid sal verander en op baie maniere sal verdraai,** en hulle sal woorde van besoedeling spreek, en lieg en groot versinsels uitdink, en **my Boekrolle in hulle eie woorde oorskryf.***

*11 Maar wanneer hulle my woorde noukeurig neerskryf in hul tale en hulle niks daaraan verander of uitlaat van my woorde nie, maar alles noukeurig neerskryf, alles wat ek aangaande hulle getuig het. [JeshaJaH 43:27; 2 Ezra 8:60]*

*12 Dan ken ek 'n ander verborgenheid: dat my Boekrolle aan die regverdiges en die apartes en die wyses gegee sal word en **sal vir hulle 'n bron van Blydskap, Waarheid en Wysheid wees**.*

*13 En aan hulle sal die Boekrolle gegee word, en hulle **sal daarin glo en bly wees daaroor,** en dan sal al die regverdiges wat die Waarheid daaruit geleer het, bly wees.*